

10 Maart - DOODSKADUWEE

Skrifgedeelte: Psalm 23

Fokusgedeelte: Psalm 23:4 (1953-vertaling)

Die dood het 'n skaduwee wat jou volg net soos jou eie skaduwee. Dit is altyd daar. Daar is dae wat die son reg bokant jou skyn en die skaduwee klein is. Daar is dae wat jy weg van jou doodskaduwee af loop en jou verbeel dat, omdat jy dit nie sien nie, dit nie daar is nie. Ander dae, as jy son-af loop, kan jy dit eenvoudig weer nie uit jou sig wegkry nie. Die dood is daar. Jy kan dit nie wegedeneer nie, jy kan dit selfs nie wegglo nie.

Dit hang oor die onsekerheid van die geboorteproses van elke kind. Dit is sigbaar in die noodsaak om kinders in te ent. Dit word van tyd tot tyd sigbaar wanneer siekte 'n mens tref of wanneer iemand in motorongelukke en deur natuurrampe sterf.

Uiteindelik is daar die ouderdom waar die pas van die mens se weghardloop van die doodskaduwee al hoe stadiger word. Dan eendag, word die oorsaak van die skaduwee, die dood self, 'n werklikheid.

Dit was vir die Psalmdigter met sy weerlose kudde 'n werklikheid wanneer hy deur die vallei met sy baie gevare moes trek. Die dood van wrede diere of rowers kon agter elke skaduwee skuil.

Gelukkig lees ons in Psalm 121 van 'n ander skaduwee: "Die Here is jou skaduwee aan jou regterhand." Vir die gelowige is die Here self sy skaduwee. Die Here wat lewe is en lewe gee. Die Here wat sy Seun na die wêreld gestuur het om juis die dood te kom oorwin.

Vir die gelowige hou die doodskaduwee nie meer vrees in nie, want die dood se angel is uitgetrek. "Al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie ..."

Die doodskaduwee is net 'n skaduwee.

Sing: Psalm 23 (2001-omdigting)

Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)